

Afrikaanse transtaling en taaloorgang: die napraat van Tsotsitaal en Swartafrikaans

ABSTRACT

This article explores Swartafrikaans and Tsotsitaal as alternative non-standard codes of Afrikaans in two poems. The concept of standardised Afrikaans is well documented in the subject literature, but proves problematic in a context where language borders are dynamic. To this end the concept of translanguaging is useful to represent the negotiation between languages by bi- and multilinguals. Another important aspect is the use of language crossing through which languages are imitated. Swartafrikaans refers to a variety of Afrikaans historically used by non-Afrikaans speakers of African languages in South Africa. Furthermore, Tsotsitaal refers to an informal slang based on Afrikaans. The use of Tsotsitaal in 'Last Night' by Frans van Rensburg and Swartafrikaans in 'Die Djèrrè en die dooiwêl' by R.K. Belcher were explored in this article. It was found that rather than using Tsotsitaal and Swartafrikaans respectively these two poets employed a language-crossing strategy through which translanguaging takes place.

1. Inleiding

Volgens Taavitsainen en Melchers (1999:13-14) het dialekliteratuur soms eerder 'n sosiale as literêre funksie en word iets van die karakter asook sosiale en streeksverskille daardeur openbaar. Coetzee (2005:35) voer die gebruik van dialekmerkers in geskrewe Afrikaans terug na die 19de eeu en stel dat die omvangryke gebruik van dialektiese taalvorme van die vroeë 1960's dateer. Die skryfwerk in dialekte is veral in Afrikaans beperk tot "Kaaps, Griekwa-Afrikaans en die wit variëteit van die noordelike dele van die Kaap en Suidelike Namibië" (Coetzee 2005:36).

Die fokus van hierdie artikel is egter spesifiek Swartafrikaans en Tsotsitaal. Ten spyte daarvan dat Hendricks (2014:722) verwys na 'n kortverhaal van Elias P. Nel waarin Swartafrikaans voorkom word Swartafrikaans nie eens

in Coetzee (2005:35) se oorsig van dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur genoem nie. Soos De Wet (2011:154) aandui, veronderstel Swartafrikaans 'n kontinuum van variëteite van beperkte beheersing tot Standaardafrikaans – dus word 'n wye verskeidenheid in literatuur gedek. Tsotsitaal is in Athol Fugard se verhaal *Tsotsi* (1983) gebruik asook in die wyd aangehaalde “Come Duze Baby” van Siphos Sepamla (Hugo, 2011:163-164; Le Cordeur, 2011:771). Dit is duidelik dat Tsotsitaal veral in die digkuns gebruik word deur sprekers wie se moedertaal nie 'n Afrikataal is nie (Makhudu, 2002:401). Transtaling en taaloorgang, wat veral in taalonderrigssituasies ondersoek word, is relevant vir hierdie navorsing aangesien dit verduidelikings kan bied rondom die rede vir die napraat van bepaalde variëteite of tale. Voorts word die spore van Swartafrikaans en Tsotsitaal in die gedig ‘Last Night’ deur Frans van Rensburg en ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’ van R.K. Belcher ondersoek. Slegs twee gedigte is gekies ten einde die verskynsel te illustreer en ek erken dat 'n groter korpus gedigte in verdere studies ingesluit moet word om die volle aard en omvang van transtaling en taaloorgang te bepaal.

Die probleem wat in hierdie artikel ondersoek word, is wat die aard van die representasie van Swartafrikaans en Tsotsitaal in geselekteerde gedigte van Afrikaansmoedertaalsprekers is.

Twee gedigte wat gereken word as Swartafrikaans en Tsotsitaal is vir hierdie navorsing geïdentifiseer en ontleed. Die keuse is gemaak na aanleiding van 'n analise van twee bundels (Van Rensburg, 2007; Belcher, 2008) waar spesifiek gesoek is na twee gedigte wat wel Swartafrikaans en Tsotsitaal toon. Daar word nie met hierdie artikel beoog om enige veralgemenings ten opsigte van die gebruik van Swartafrikaans en Tsotsitaal in die digkuns of die oeuvres van die gekose digters te maak nie, maar eerder iets rondom die fenomeen van transtaling en taaloorgang aan te toon en te verklaar. Verder bestaan daar die gevaar dat blote digterlike vryheid of spel met taal aan taalvariasie toegeskryf kan word (vgl. Gräbe, 1984:100), maar ter wille van die analise van die gedig word die gedigte aan die hand van die relevante sosiolinguistiese literatuur op sigwaarde geanaliseer.

2. Standaardtaal

Dit is belangrik om aan die begin van hierdie artikel bepaalde konsepte te definieer. 'n Eerste konsep is *standaardtaal*. Carstens (2011:282) definieer Standaardafrikaans as “daardie variëteit van Afrikaans wat deur die Afrikaanse spraakgemeenskap aanvaar word as die taalvorm wat die algemeenste

gebruikswaarde het oor die hele Afrikaanse taalgebied”. ’n Standaardvariëteit kan bepaal word deur status, vorm en standaardtaalfunksies van ’n taal (Carstens, 2011:279; Myers-Scotton, 2006:26).

Die kategorisering van variëteite as standaard of niestandaard is nie so eenvoudig nie en hang af van ’n persoon se perspektief op ’n bepaalde variëteit (Taavitsainen & Melchers, 1999:1). Sulke taalgrense en tale is sosiale konstruksies (Makoni & Pennycook, 2007:1) en dus is dit sinvol om eerder van kodes (Canagarajah, 2005:xxv; Myers-Scotton, 2006:159) as van variëteite of tale te praat. Met betrekking tot Afrikaans het die klem op Standaardafrikaans vroeër ’n hiërgargiese perspektief op variëteite veronderstel eerder as ’n gelykevlakperspektief soos deur Hendricks (2012:44-63) bepleit. Hiermee saam was daar ’n duidelike stigmasering in verband met “mense van kleur” en hul variëteite (Hendricks, 2012:44). Hieroor merk Hendricks (2012:51) op dat “...die konstituerende variëteite van Afrikaans prinsipiël gelykwaardige kommunikasiekodes is en derhalwe bejeën behoort te word as eenhede op gelyke vlak”. In hierdie artikel word Swartafrikaans en Tsotsitaal as sogenaamde niestandaardtaalvorme oftewel omgang- of registervariëteite (vgl. Carstens, 2011:289, 291-292) ondersoek. Ten einde die funksie van dié twee kodes asook die napraat daarvan te begryp, word die teoretiese konsepte van *transtaling* en *taaloorgang* vervolgens hanteer.

3. Transtaling

Grense tussen tale en kodes vervaag in meertalige omgewings en *transtaling* oftewel *translanguaging* kom dikwels in sulke kontekste voor (Makalela, 2013:113). Die verskynsel van transtaling (oorspronklik *trawsieithu* in Wallies) het ontstaan as benadering in Walliese klaskamers waar beide Wallies en Engels gebruik is deur ’n vraag in een taal te stel en dit dan te laat beantwoord in ’n ander taal (vgl. Lewis et al., 2012:642-643; Makalela, 2013:113-114). Deur García (2009) en andere is die ondersoek van transtaling uit die klaskamer na die gebruik van twee tale in ander kontekste uitgebrei.

García (2009:140) definieer *transtaling* as “the act performed by bilinguals of accessing different linguistic features or various modes of what are described as autonomous languages, in order to maximize communicative potential”. Die klem by transtaling is verstaanbaarheid en die gebruik van verskillende kodes in ’n mens se taalrepertoire oor grense van tale en variëteite. Lewis et al. (2012:641) beklemtoon die geïntegreerde gebruik van verskillende kodes met die stelling “both languages are used

in a dynamic and functionally integrated manner to organise and mediate mental processes in understanding, speaking, literacy, and, not least, learning”. Transtaling sluit *kodewisseling* in (García, 2009:140) wat deur Crystal (1997:423) gedefinieer word as die skakeling tussen een taal of variëteit en ’n ander (vgl. Myers-Scotton, 2006:239-246). Transtaling is ook in die Suid-Afrikaanse konteks van belang waar nie net tweetaligheid nie maar meertaligheid die norm is. Inklusiewe kodes soos Tsotsitaal en in ’n mate Swartafrikaans reflekteer hierdie soort transtalige meertaligheid. ’n Ander konsep wat veral met betrekking tot die napraat van ’n bepaalde taal of variëteit relevant is, is taaloorgang.

4. Taaloorgang

Die verskynsel waar een etniese groep die variëteit of kode van ’n ander etniese groep namaak, word *language crossing* of *taaloorgang* genoem. Die konsep word deur Rampton (1995:28) gedefinieer as “the use of language varieties associated with social or ethnic groups that the speaker doesn’t normally ‘belong’ to”. Ten spyte van die ooreenkomste tussen taaloorgang en kodewisseling merk Kamwangamalu (2001:76) op dat taaloorgang ’n uit-groepfenomeen is en nie soos kodewisseling in die in-groepkonteks plaasvind nie.

Aansluitend tot taaloorgang is die konsepte van *goedkeuring* (*passing*) of *afkeuring* (*refusal*). Rampton (1995:276) gebruik goedkeuring “in order to avoid all the talk that draws attention to their use of an outgroup code, people pretend that the outgroup code is actually part of their own inheritance”. Hierteenoor verwys afkeuring na “a way of avoiding the experience of anomaly that crossing entails”. In die Suid-Afrikaanse konteks is die twee sake relevant aangesien niemoedertaalsprekers van Afrikaans in die verlede ‘goedkeuring’ kon verkry van moedertaalsprekers deur die sogenaamde standaardtaal te gebruik; die teenoorgestelde kan ook plaasvind waar individue juis anders wil wees en dus by hul in-groepkode bly (vgl. Kamwangamalu, 2001:76).

Die sosiopolitiese historiese konteks van Suid-Afrika is hier relevant aangesien die verwantskap tussen taal en etnisiteit in die apartheidsjare beklemtoon is (Kamwangamalu, 2001:79). Die fokus van hierdie artikel is dan op die taaloorgang met betrekking tot Swartafrikaans en Tsotsitaal deur Afrikaansmoedertaalsprekers in bepaalde gedigte. Hierdie taaloorgang of napraat kan uit verskillende hoeke benader word. As dit gaan oor die

vertalingsproses word dit transponering genoem. Van der Vyver (2011:290, 294, 298) beskryf die skryf van 'n teks deur 'n Afrikaanse moedertaalspreker in 'n niestandaardvariëteit as transponering of intratalige vertaling. Vervolgens word die kodes Swartafrikaans en Tsotsitaal kortliks hanteer.

5. Swartafrikaans, Tsotsitaal en die napratery daarvan

5.1 Swartafrikaans

Swartafrikaans verwys na 'n etnolek van Afrikaans wat spesifiek gebruik word deur moedertaalsprekers van tale wat tot die Bantutaalfamilie (in die literatuur soms as Afrikatale of swart tale benoem) in Suid-Afrika behoort. Die aard en kenmerke van Swartafrikaans asook die variëteit wat die napraat daarvan impliseer, Gepidginiseerde Afrikaans, is al breedvoerig in die 1980's en 1990's ondersoek (vgl. De Wet, 1993; De Wet, 1996; De Wet, 2011; Kriel, 2015; Stoltz, 1982, 1983; Van Jaarsveld et al., 2001; Van Wyk, 1983; Van Rensburg, 1989:460-461; Wissing, 2011:6). De Wet (2009:153) definieer Swartafrikaans as “die variëteit van Afrikaans wat hoofsaaklik gepraat word deur die swart bevolking in Suid-Afrika wat 'n Afrikataal as moedertaal of huistaal het”. Hierdie definisie sluit aan by Hendricks (2014:747), wat opmerk “... Swartafrikaans is Afrikaans wat vormlik spore van beïnvloeding deur een of ander swart taal weerspieël en hoofsaaklik as verkeerstaal gebruik word”. Verder word Swartafrikaans beskryf as intertaal of aanleerdersvariëteit wat ontstaan in die aanleerproses van Afrikaans; die fokus van hierdie artikel is juis die napraat van hierdie aanleerdersvariëteit (De Wet, 1993:171; Otto 2014:338; Van Jaarsveld et al. 2001:149).

Die omskrywing van hierdie variëteit wys op die bepaalde persepsies, oordele en taalkonvensies van die historiese konteks waarin die variëteit nagevors is. Van Wyk (1983:162), byvoorbeeld, omskryf Swartafrikaans as 'n “tipiese vorm van Afrikaans wat deur Swartes gepraat word en sodanig van standaard-Afrikaans (StA) afwyk dat dit moeilik verstaanbaar is vir diegene wat nie daarmee vertrou is nie”. So 'n uitspraak moet egter empiries getoets word en die uitgangspunt van hierdie artikel – soos ondersteun deur die bestaan van sogenaamde Gepidginiseerde Afrikaans – is die napraat van Swartafrikaans juis moontlik en is dit verstaanbaar vir die breër Afrikaanse spraakgemeenskap. Dis verder ook duidelik dat Swartafrikaans in alternatiewe kontekste (waar daar byvoorbeeld nie 'n interkulturele kommunikasiesituasie veronderstel word nie) ook gebruik kan word (Kriel, 2015).

Die gebruik van ‘swart’ as kwalifiseerder met betrekking tot Afrikaanse skrywers word soms bevraagteken, soos Robert Pearce (2005) ook stel: “Ons moet nie laer trek en voortploeter binne ’n nuwe Suid-Afrika met ’n term soos ‘swart’ wat ander sprekers van Afrikaans uitsluit nie”. Dit is veral problematies as Swartafrikaans verbreed word tot alles wat nie Standaardafrikaans of Witafrikaans is nie (Dyers, 2010; Willemse, 2007:31). Deumert (2004:276) verwys na “the marginalization of especially coloured and black speakers of Afrikaans, which was in line with their political exclusion under apartheid”. Ter wille van die bespreking word Swartafrikaans as ’n wyer term gebruik wat Afrikaans met noemenswaardige versteurings van Afrikatale insluit. Stoltz (1983:153) noem dat dit duidelik is “dat daar in die Suid-Afrikaanse situasie ten opsigte van die aanleer van Afrikaans deur Swartmense nie van ’n normale tweedetaalsituasie sprake kan wees nie”. Juis om dié rede word ’n gebroke vorm van Afrikaans aangeleer omdat aanleerders daarvan slegs met dié vorm van die taal in aanraking kom. Dus word Swartafrikaans aangeleer teenoor ’n vorm van Standaardafrikaans.

Beïnvloeding deur tale van buite ’n bepaalde taal kan tot taalversteuring lei. Ten opsigte van taalversteuring meld Raidt (1989:117) “... (i)n ’n meertalige gemeenskap is grootskaalse ontlening en/of gebrekkige aanleer byna onvermydelik”. Taalversteuring wys volgens Ponelis (1989:11) op ’n “vinnige en ingrypende verandering wat toegeskryf word aan gebrekkige taalverwerwing”. Dus word ’n verwronge vorm van die doeltaal nie net aangeleer nie maar as taalvariasie binne ’n taalgemeenskap gevestig.

Die term *Gepidginiseerde Afrikaans* word deur Stoltz (1983) en Van Wyk (1983) gebruik om te verwys na die afgestemde taal wat spesifiek deur Afrikaanse moedertaalsprekers (T1-sprekers) gebruik word teenoor niemoedertaalsprekers (T2-sprekers), wat merendeels sprekers van swart tale is. Hieroor merk Stolz (1983:1) op: “In die taalkontaksituasie tussen Wit en Swart vind daar dikwels van die kant van die Wit spreker sodanige afstemming van die taalgebruik op die gebruiksituasie plaas”. Ponelis (1998:3) gebruik vir hierdie verskynsel die term *Pidgin-Afrikaans* en beklemtoon ook dat dit ’n lae aansien geniet.

Die napraat van ’n etnolek is nie beperk tot Afrikaans nie en ter wille van kontekstualisering moet die napraat van Swartafrikaans met betrekking tot sake soos Mock Ebonics en vreemdelingtaal benader word. Dieselfde verskynsel word ook met betrekking tot *Ebonics*, die sogenaamde Engels van sekere Afro-Amerikaners, waargeneem en staan bekend as *Mock*

Ebonics (Ronkin & Karn, 1999). Van Wyk (1983:19) meld “[r]egistervariante kan onderskei word deurdat moedertaalsprekers hulle taalvorme aanpas”. Dit gebeur wanneer met sprekers van ander tale gepraat word. Die verskynsel word soms vreemdelingtaal of *foreigner talk* genoem. Ferguson (1981:9) omskryf hierdie term as “adjusting one’s means of communication when interacting with outsiders”. Hierdie aanpassings word dan in Afrikaans gemaak. Ferguson (1981:9) noem verder dat sekere taalkundiges vreemdelingtaal as babataal oftewel *baby talk* beskryf. Stoltz (1983:2) merk op die “essensiële buite-linguistiese veranderlike wat aanleiding gee tot GpA by die Blanke moedertaalspreker van Afrikaans, is die aanwesigheid van ’n Swart gespreksgenoot, met ander woorde ’n sosiale veranderlike”.

Swartafrikaans is dus ’n etnolek van Afrikaans wat deur moedertaalsprekers van Afrikaans nagepraat word en hierdie napratery word soms Gepidginiseerde Afrikaans genoem. Benewens Swartafrikaans word Tsotsitaal as kode ook in hierdie artikel ondersoek. Vervolgens word ’n oorsig van Tsotsitaal voorgehou.

5.2 Tsotsitaal

Die verskynsel van *Tsotsitaal* verwys na ’n informele sleng wat veral in stedelike gebiede onder jong swart mans gepraat word. Mesthrie (2008:96) onderskei tussen *tsotsitaal* [met ’n kleinletter] as sambreelterm vir die verskynsel en *Tsotsitaal* [met ’n hoofletter] as ’n variëteit daarvan. Vir die doeleindes van hierdie artikel sal daar inklusief en ter wille van konsekwentheid met die wyer literatuur net na Tsotsitaal verwys word. Soos aangedui, omvat die verskynsel ook verskillende variëteite en benamings wat reeds vanuit verskillende perspektiewe ondersoek is:

- *Tsotsitaal* (Childs, 1997:342; Hugo, 2011:161; Hurst & Mesthrie, 2013:3; Le Cordeur, 2011:770; Makhudu, 2002:398; Mesthrie, 2008:96-97; Molamu, 2003; Pearce, 2010; Saal & Fredericks, 2005:247-248; Schuring, 1979:59; Slabbert & Myers-Scotton, 1997:317; Van der Vyver, 2011:295, 301-302);
- *Flaaitaal/Flytaal* (Carstens, 2011:291-292; Hurst & Mesthrie, 2013:5; Hugo, 2011:162; Makalela, 2013:112; Makhudu, 2002:398; Mesthrie, 2008:96-97; Ponelis, 1998:3; Schuring, 1981:122);
- *Iscamtho/Isicamtho* (Childs, 1997:343; Hurst & Mesthrie, 2013:5; Makalela, 2013:112; Mesthrie, 2008:97; Slabbert & Myers-Scotton, 1997:317);
- *Kasi-taal* (Makalela, 2013:111);
- asook heelwat ander minder bekende benamings soos *Bika*, *Himbul*,

Himli, Hova, Isikhumsha, Isitsotsi, Lingam, Lingo, Mense taal, Ringas, Sepantsula, Setsotsi, Shalambombo, Sjita, Taal, Tsotsi-Afrikaans en Withi (Childs, 1997:345; Hurst & Mesthrie, 2013:5; Makhudu, 2002:399; Mesthrie, 2008:96, 97; Schuring, 1979:59; Taljard, 2006:182).

Tsotsitaal is nie 'n nuwe verskynsel nie en Schuring (1981:127) voer dit terug tot ten minste 1935. Die kode word verder geassosieer met die Ngunigebaseerde geheime taal Shalambambo wat onder bendes in Pretoria en Johannesburg gebruik is (vgl. ook Childs, 1997:345). Na aanleiding hiervan word Tsotsitaal dikwels as geheime of bendetaal beskryf. Childs (1997:342) bevestig Tsotsitaal se assosiasie met “tsotsi’s” oftewel “the language of the hoodlums, thieves, and thugs” (vgl. Ponelis, 1998:3). Makhudu (2002:398) assosieer die oorsprong van tsotsitaal met gebroke Afrikaans wat gepraat is deur swart mense in die landelike gebiede na aan die weste van Johannesburg, of selfs Griekwas wat naby die myne gewoon het.

Tsotsitaal is al op verskeie maniere gedefinieer en begrens. Mesthrie (2008:101) definieer *Tsotsitaal* as “a slang lexis (or jargon in one sense of this term) of urban South African origin that has penetrated the languages of the cities under various conditions, especially the experience of younger males in urban settings”. Volgens Mesthrie (2008:96) is Tsotsitaal al beskryf as sleng, antitaal, manifestasies van kodewisseling (waarvan sommige aspekte gefossiliseer is) asook 'n vertakking van 'n oorspronklike pidginvariëteit. Mesthrie (2008:102) beklemtoon juis ontlening eerder as kodewisseling as 'n belangrike verskynsel by Tsotsitaal. Met betrekking tot funksie word Tsotsitaal soms as 'n geheime taal of *lingua franca* beskryf (Mesthrie, 2008:96). Makoni (2003:139) beklemtoon die organiese harmoniseringsaspek van Tsotsitaal as pan-etniese, stedelike, hibriediese taalvorm waar leksikale inhoud van verskillende tale geneem word.

Tsotsitaal se eiesoortigheid is veral duidelik vanuit die konteks en funksie eerder as die taalkundige eienskappe wat dit omvat. Childs (1997:343) erken byvoorbeeld dat dit makliker is om die verskynsel (spesifiek “Isicamtho” in sy werk) sosiaal en histories as taalkundig te definieer. Hurst en Mesthrie (2013:4-5) beklemtoon dat Tsotsitaal nie net verwys na 'n reeks leksikale keuses nie, maar dat dit ook 'n stylkeuse impliseer wat nie van 'n bepaalde identiteit geskei kan word nie. Verder verwys Hurst en Mesthrie (2013:17) na Tsotsitaal as *stylek* om die band tussen die leksikon en styl te beklemtoon.

Dit is verder, ter wille van die vaspen van die navorsingsraamwerk, belangrik om te onderskei tussen Tsotsitaal en Flaaitaal as kodes.

Die onderskeid tussen Tsotsitaal en Flaaitaal kan ook op grond van die matrikstaal bepaal word. Die term *matrikstaal* (ook *raamtaal* genoem) word ontleen aan die literatuur rondom kodewisseling waar dit verwys na die hooftaal waarin elemente van 'n ander taal ingebed word (Myers-Scotton, 2006:235, 243). Schuring (1981:122, 127) verwys spesifiek na die *Afrikaanse flaaitaal* waarvan Afrikaans die basis of matrikstaal is. Tale soos Zulu, Xhosa, en van die Sothotale (of eintlik enige ander taal) kan verder as basis vir Tsotsitaal dien (Hurst & Mesthrie, 2013:4; Saal & Fredericks, 2005:248; Slabbert & Myers-Scotton, 1997:317). In hierdie verband word Tsotsitaal beskou as die vorm waar Afrikaans die matrikstaal is terwyl by Iscamtho 'n Nguni- of Sothotale as matrikstaal funksioneer (Childs, 1997:343; Hugo, 2011:161; Mesthrie, 2008:101). In 'n empiriese ondersoek het Childs, (1997:358) ook aangetoon dat Iscamtho eerder 'n niestandaardvorm van Zulu is terwyl Tsotsitaal nader aan Afrikaans is. Makalela (2013:112) gebruik eerder die term *kasi-taal* (afgelei van 'lokasie' en 'taal') om te verwys na die ontwikkelde vorm van 'n gekombineerde Isicamtho en Tsotsitaal. Die naam kasi-taal hou eerder verband met die fisiese konteks waarin dit gebruik word aangesien taalgrense daardeur vervaag en juis transtaling hier ter sprake is (Makalela, 2013:112, 122-123).

Spesifieke kenmerke van Tsotsitaal kan geïdentifiseer word. Eerstens kan Tsotsitaal vir oningeligtes onverstaanbaar wees weens die verskillende tale waaruit leksikale items ontleen word, die onbekendheid met die leëwêreld van die sprekers daarvan sowel as intensionele verandering aan die betekenis van woorde (Ponelis, 1998:3; Schuring, 1981:124; Saal & Fredericks, 2005:248-249). 'n Verdere eienskap van Tsotsitaal is dat dit baie dinamies is en dat nie net die woordeskat nie, maar ook die basis daarvan kan verander (Hurst & Mesthrie, 2013:17; Hugo, 2011:162; Schuring, 1981:129). Ten spyte van die onreëlmatigheid by die woordeskat en spelling van Tsotsitaal verwag sommige lesers wel dat die verskynsel 'n gestandaardiseerde taal oftewel kode moet wees. Taljard (2006:182) prys byvoorbeeld die konsekwentheid in spelling by Frans van Rensburg se *Die Tsotsi-evangelie: o Mri vannie padkamp*. Hierdie voorafgaande eienskappe is juis dít wat ondersoek kan word in 'n gedig wat in Tsotsitaal geskryf is.

6. Twee gedigte se transtaling en taaloorgang na Swartafrikaans en Tsotsitaal

6.1 Metodologie

Soos vroeër aangedui, is twee gedigte geïdentifiseer en is beide geanaliseer aan die hand van bepaalde taaleienskappe. Uit die literatuur is eienskappe van spesifiek Swartafrikaans (en by implikasie Gepidginiseerde Afrikaans) sowel as Tsotsitaal gebruik as verwysingsmatrys (Childs, 1997; De Wet, 1993:179; De Wet, 1996; De Wet, 2011:158-160; Hugo, 2011:161-165; Hurst & Mesthrie, 2013; Makalela, 2013; Makhudu, 2002; Mesthrie, 2008:96-97; Molamu, 2003; Saal & Fredericks, 2005; Schuring, 1979, 1981; Stoltz, 1982, 1983; Van Jaarsveld *et al.*, 2001:152-154; Van Wyk, 1983:165-166; Van Rensburg, 1989:460-461; Wissing, 2011:6). Hiervolgens kon die aard van Swartafrikaans en Tsotsitaal in die gedigte bepaal word.

6.2 Swartafrikaans in ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’

Die eerste gedig wat geanaliseer word, ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’, is deur R.K. Belcher geskryf. Ronald Kenneth Belcher is in 1933 in Kaapstad gebore en het aan die Universiteit Stellenbosch gepromoveer met die proefskrif ‘Grondslae van die sonnetvorm’. Verder was hy ’n dosent in Afrikaanse letterkunde. Sy navorsing was veral gerig op die multikulturele oorsprong van Afrikaans, die mondelinge poësie van die Griekwas en die sonnetvorm. Hy het, benewens vyf kinderbundels, ook verskeie ander digbundels geskryf, soos *Mens en Skepper* (1956), *Ver land* (1960), *So is die lewe vir een pond sewe* (1978), *’n Ding om te skil in die maand April* (1980), *Ringe in ’n geelhoutboom* (1982), *My hart sing sewe moppies* (1996) en *Van heidebos en klip* (2000) en *Bayeux* (2000). Belcher is in 2006 aan kanker oorlede. (Vgl. Belcher, 1988:iii; Belcher, 2008; Nanny, 2006:1; Kannemeyer, 1983:268-269.) Belcher het dus ’n uitgebreide oeuvre waaruit gekies kon word, maar die hoofkriteria wat gebruik is in die keuse van die gedig is die feit dat die gekose gedig voldoende eienskappe van Swartafrikaans moes toon. In hierdie opsig was ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’ gepas vir hierdie ondersoek.

Die gedig ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’ van R.K. Belcher (2008:113) word hieronder weergegee.

Die Djêrrê en die dooiwêl

*Die Djêrrê hy's gabôrrô by die maag
 en ês sy eie pa. Nou hy't gatôr
 en al die goetês ês. Die naag hy's daag
 en vês klem ooit die battêr en maak spôr.
 Nou Sondag by die kerk ek hôr die prêk
 van al die lekkêr goetês as hy kom,
 dan al die tien gaboues afgabrêk.
 Die Djêrrê siestog hy's gaslag prês hom.
 Die dooiwêl hy ês boetie van maboer
 en as ek battêr vra of stokkie brôd
 dan sommar vloek vôr my jou ma sy moer
 en hoekom ek nie by gabôrrô dôt.
 Mar ek hy weet die Djêrrê sy sal kom.
 Die dooiwêl sies hy ês gasooip fôk hom.*

Hierdie gedig toon uitspraakverskynsels wat as niestandaard gereken kan word. Ten eerste word /h/ as /dz/ weergegee in “Djêrrê” vir “Here” (reël 1, 8 en 13). Sekere konsonante word foneties weergegee, soos die /t/ in “dôt” vir “dood” (in reël 12), maar dit word nie konsekwent gedoen nie aangesien die konsonant steeds as 'n /d/ in “brôd” vir “brood” (in reël 10) weergegee word. Die vokale toon verandering. Ten eerste word /e:/ verkort tot /ɛ/ en word met behulp van die kappie-e weergegee in “Djêrrê” (reël 1, 8 en 13), “prêk” vir “preek” (reël 5) en “afgabrêk” vir “afgebreek” (reël 7). Weens die feit dat die schwa nie so algemeen in Afrikatale voorkom nie (vgl. De Wet, 1993:179; Stoltz, 1982:110; Van Rensburg, 1989:461; Wissing, 2011:6) vind vokaalversterking plaas en word /ə/ as /ɛ/ (in “ês” vir “is” in reël 2, 3 en 9; “goetês” vir “goeters” in reël 3 en 6; asook by “Djêrrê” vir “Here” in reël 1, 8 en 13, “lekkêr” in reël 6, “dooiwêl” vir “duiwel” in reël 9 en 14), /a/ (in “gatôr” vir “getoor” in reël 2; “afgabrêk” vir “afgebreek” in reël 7; “gaslag” vir “geslag” in reël 8; “sommar” vir “sommer” in reël 11 asook “gabôrrô” vir “gebore” in reël 1 en 12), /ɔ:/ (in “gabôrrô” vir “gebore” in reël 1 en 12; “stokkie” vir “stukkies” in reël 10 “vôr” vir “vir” in reël 11) en /əi/ (in “sy” vir “se” in reël 11) weergegee. Die laasgenoemde “se” kan bloot 'n invoeging van 'n generiese besittlike voornaamwoord wees wat herinner aan die *se*-konstruksie in Oranjerivierafrikaans (Van Jaarsveld et al., 2001:153).

De Wet (1993:179) dui aan dat lang vokale, soos die /o:/, soms onder die invloed van Afrikatale kort uitgespreek word. Byvoorbeeld, /o:/ word deur /ɔ/ vervang in “gabôrrô” vir “gebore” (in reël 1 en 12); “gatôr” vir “getoor”

(in reël 2); “spôr” vir “**spoor**” (in reël 4); “hôr” vir “**hoor**” (in reël 5); “brôd” vir “**brood**” (in reël 10) asook “dôt” vir “**dood**” (in reël 12). Die verkorting word as eienskap van Swartafrikaans deur Van Rensburg (1989:461) gemeld. Hierteenoor word sommige klanke ook verleng. Byvoorbeeld /a/ word in enkele gevalle deur /ɑ:/ vervang in “**naag**” vir “**nag**” en “**daag**” vir “**dag**” (in reël 3) asook by “fôk” (in reël 14). Enkele diftonge vertoon ook verandering. So word /œy/ vervang deur /oi/ by “**ooit**” vir “**uit**” (in reël 4); “**dooiwêl**” vir “**duiwel**” (in reël 9 en 14) en “**gasooip**” vir “**gesuip**” (in reël 14). Asook /œu/ vir /oi/ in “**gaboues**” vir “**gebooie**” (in reël 7). Verder word /əi/ as /ɛ/ by “prês” vir “prys” (in reël 14) uitgedruk.

Met betrekking tot woordkeuse word slegs een Engelse woord gebruik, nl. “battêr” (butter) in reël 10, wat ook in Tsotsitaal en in Gepidginiseerde Afrikaans voorkom (Stoltz, 1982:116). Vreemde meervoudsvorme word ook gebruik soos by “goetês” (in reël 6) en “gaboues” (in reël 7) wat kenmerkend van Swartafrikaans is (Van Jaarsveld et al., 2001:152). De Wet (1993:176) verwys na die ongewone gebruik van die voorsetsel “by”. Dit word ook in die gedig in reël 1 toegepas met “Die Djêrrê hy’s gabôrrô by die maag”. Hierdie reël toon, saam met reël 9 en 12, ongewone woordorde. In die eerste voorbeeld word hoofsinvolgorde (vgl. De Wet, 1993:174) gebruik. ’n Onnodige persoonlike voornaamwoord “hy” word in reël 9 ingevoeg met “Die dooiwêl **hy** ês boetie van maboer”. In reël 12 is die hulpwerkwoord “is” heeltemal uitgelaat: “en hoekom ek nie by gabôrrô dôt”.

Die gedig ‘Die Djêrrê en die dooiwêl’ toon baie fonetiesgemerkte vorme wat die gedig as ’n voorbeeld van Swartafrikaans kan klassifiseer. Enkele eienskappe wat met Oranjerivierafrikaans ooreenstem (vgl. Van Jaarsveld et al., 2001) moet egter nie geïgnoreer word nie aangesien R.K. Belcher juis navorsing onder die sprekers van Griekwa-Afrikaans gedoen het. Dus pas Belcher transtaling hier toe met taaloorgang van sy eie repertoire tussen Standaardafrikaans asook gepidginiseerde vorme van Swartafrikaans en Griekwa-Afrikaans. Die funksie van hierdie transtaling in die gedig kan toegeskryf word aan verskeie moontlike redes: die karakterisering van die spreker, stilistiese versiering (vgl. Hendricks, 2014:719), skep van afstand tussen digter en teks of dalk selfs ’n verheffing van die status van die kode wat hier ’n literêre funksie vervul. Dit digter laat hom nie hieroor uit nie en uiteindelik is die funksie van transtaling hier moontlik iets van elk van die genoemde sake. Hierteenoor beskryf Frans van Rensburg die taal waarin hy dig as Tsotsitaal en dit is die fokus van die volgende afdeling.

6.3 Tsotsitaal in ‘Last Night’

Frans van Rensburg is ’n romanskrywer en digter van Potchefstroom wat bekend is vir verhoogproduksies soos *Sellelied* (2002), *Amakeia en die grondbesetters* (2003) en *Manionet* (2004), die bundels *Die Tsotsi-evangelie: o Mri vannie padkamp* (2006) en *Die poems ennie songs: Tsotsi-evangelie* (2007) asook die roman *Lammervanger* (2009) (vgl. De Vries, 2005:1; Lapa, 2014; Taljard, 2006:182). Die gedig, ‘Last Night’ (Van Rensburg, 2007), wat in hierdie artikel hanteer word, is uit *Die poems ennie songs: Tsotsi-evangelie* (2007) geneem. Die gedig word hieronder weergegee.

Last night

*Last night da het die man gestaan,
hom drapes es wit sos pap.
Es nie die biekie drapes
wat om en om hom body gaan.
In hom handes dra hy die man,
mot nie die biekie drapes wat om hom gaan.
Hom kop val swaar da voor,
hom voetes val af agte oor.
Sos ek nader staan,
ek notch die drapes van hom wat hang
es nou nie wit sos pap,
ma rooi sosie bloed van die man.
Nou maak ek skierlik yt,
yttie handes vannie man wat staan,
val bloed wat orie wit drapes gaan -
es ek oor wie die bloed da gaan.*

Bepaalde uitspraakverskynsels word ook in hierdie gedig weergegee. In hierdie verband is daar die vokaalwysiging van /ə/ na /ɛ/ (in “es” vir “is” in reël 2, 3, 11 en 16), /ɛ/ na /ɔ/ (in “mot” vir “met” in reël 6), /o:/ na /ɔ/ (in “sos”/“sosie” vir “soos”/“soos die” in reël 2, 9, 11 en 12) asook /æy/ na /əi/ (in “yt”/“yttie” vir “uit”/“uit die” in reël 13 en 14). Die wysiging van die schwa kan net soos by die vorige gedig geassosieer word met Swartafrikaans (De Wet, 1993:179). Die vokaalversterking en vokaalont ronding kom voor by Swartafrikaans (De Wet, 1993:179). Verder is die vokaalont ronding ook kenmerkend van Gepidginiseerde Afrikaans (Stoltz, 1982:104). Ook word postvokaliese /r/-weglating aangetref by woorde soos “da” vir “daar” (reël 1, 7 en 16), “agte” vir “agter” (reël 8) en “ma” vir “maar” (reël 12). Hierteenoor word daar in een geval ook ’n /r/ ingevoeg – soos by “skierlik” (reël 13). Fonetiese spelwyse kom

slegs een keer voor met die gebruik van die spelling “biekie” vir “bietjie” (reël 3 en 6). Klisis (Coetzee 1988:89) kom ook voor met “yttie” en “vannie” (reël 14) en weer by “orie” (reël 15).

Die gedig toon duidelik aspekte van die standaard Afrikaanse sintaksis met enkele afwykings. Die gedig toon tog heelwat konsekwentheid en struktuur wat nie noodwendig in die gesproke vorm van Tsotsitaal sou voorkom nie. Hieroor merk Van Rensburg (De Vries, 2005:1) self die volgende op: “Dit is ontsettend moeilik om ’n praattaal te probeer skryf. En vir tsotsitaal is daar nie ’n eenvormige skryfvorm nie en die kans is groot dat ander tsotsiwoorde op ander maniere sal skryf”. In die eerste reël word egter ongewone woordorde aangetref met “Last night da het die man gestaan”. Die bywoord “daar” sal eerder nader aan die einde net voor die hoofwerkwoord ver wag word. Die dubbele negatief word nie korrek in reëls 3, 6 en 11 toegepas nie aangesien die tweede “nie” uitgelaat word. Die uitlaat van die tweede “nie” word ook met Swartafrikaans geassosieer (De Wet, 2011:159; Van Jaarsveld et al., 2001:153). Hierdie soort afwykings kan toegeskryf word aan ’n gemerkte vorm wat die leser aan Tsotsitaal wil herinner of selfs bloot die oortreding van die standaardtaal se grammatikareëls van poëtiese taalgebruik (Gräbe, 1984:185). Die besitlike voornaamwoord “sy” word konsekwent deur “hom” vervang (reël 2, 4, 5, 7 en 8). Die vreemde gebruik van die voornaamwoord herinner aan soortgelyke vorms in Swartafrikaans (De Wet, 2011:159).

Duidelik funksioneer Afrikaans as die matrikstaal van die gedig met Engels as ingebedde taal. Die gedig bevat enkele Engelse woorde soos: “Last night” (r. 1), “drapes” (r. 2, 3, 6, 10 en 15), “body” (r. 4). ’n Dubbele meervoudsvorm, ook gevorm na aanleiding van die Engelse byvoeg van -s, word by “handes” (reël 5 en 14) en “voetes” (reël 8) aangetref. ’n Enkele tipiese woord uit Tsotsitaal, “notch” (r. 10), word ook gebruik. Hierdie woord, wat “om te sien” beteken, word ook deur Childs (1997:350) beskryf as ’n Engelse woord (oorspronklik “torch”) wat ’n transformasie ondergaan het ten einde die ware betekenis van die woord te verdoesel (vgl. ook Schuring, 1979:60).

Die gedig toon minder uitspraakvariasie as die vorige gedig, maar het tog ooreenstemmende eienskappe veral ten opsigte van die gebruik van die swa. Daar is ook bepaalde sintaktiese en leksikale afwykings wat dele uit die gedig merk as niestandaardvorme. Dit is belangrik om daarop te wys dat die verskynsels nie bloot eienskappe van Tsotsitaal toon nie, maar

ook duidelik lyk op Swartafrikaans en veral Gepidginiseerde Afrikaans. Die gedig toon egter min woorde waarvan die betekenis duidelik verskans word, soos tipies met Tsotsitaal die geval is. Verder is die teks redelik gebind tot Afrikaans as matrikstaal en ingebedde items van Engels. Uiteindelik is dit ook duidelik dat die transtaling deur Van Rensburg geskied deur taaloordrag van Standaardafrikaans na Gepidginiseerde Afrikaans en tot 'n mindere mate Swartafrikaans en Engels. Soos met die eerste gedig is die funksie van transtaling nie uit die gedig duidelik nie. Maar die hele bundel vorm 'n geheel wat in 'n konsekwente kode, al neig die taal effens weg van Tsotsitaal en vertoon dit meer eienskappe van Gepidginiseerde Afrikaans en Swartafrikaans, wat doelbewus deur die digter gebruik word. Met betrekking tot taaloordrag is die digter besig met 'n proses van *goedkeuring*. Tot 'n mate vereenselwig die digter hom met die sprekers van Swartafrikaans, oftewel Tsotsitaal in sy woorde, en word daar ten minste binne die konteks van sy digbundels 'n virtuele taalgemeenskap geskep. Die verskil tussen die tekste van Belcher en Van Rensburg toon verder juis die geskakeerdheid van wat as Swartafrikaans oftewel Taaloorgangsafrikaans beskou kan word.

7. Slot

Hierdie artikel het die napraat van Swartafrikaans en Tsotsitaal in twee geselekteerde gedigte ondersoek. Ten einde hierdie niestandaardkodes te ondersoek, is dit belangrik om die konsep van standaardtaal en die problematiek rondom die konsep uit die literatuur te oorweeg. Dit is duidelik dat grense tussen tale in meertalige samelewings vervaag. Verder is twee sake sentraal tot die bespreking van die gedigte: transtaling en taaloorgang. Transtaling verwys na die proses van twee- en meertaliges om tale te vermeng in die kommunikasieproses. Verder gaan dit by taaloorgang oor die napraat van 'n ander taalgemeenskap se kode oftewel taal of variëteit. Hierdie twee sake is met betrekking tot Swartafrikaans (asook die napraatvorm daarvan, naamlik Gepidginiseerde Afrikaans) en Tsotsitaal ondersoek.

By die geanaliseerde gedigte 'Last Night' deur Frans van Rensburg en 'Die Djêrrê en die dooiwêl' van R.K. Belcher is gevind dat transtaling plaasvind deurdat die twee digters uit hul uitgebreide taalrepertoire tap ten einde nie net in 'n multikodekonteks te kommunikeer nie, maar ook na te praat, oftewel taaloorgang toe te pas. Die intensie is, anders as by Gepidginiseerde Afrikaans, nie om 'n vereenvoudigde afgestemde taal voor te stel nie, maar eerder om 'n bepaalde kode van Afrikaans te gebruik. Hier is

dus nie sprake van gedigte in Swartafrikaans, Tsotsitaal of Gepidginiseerde Afrikaans nie, maar wel bloot 'n idiolektiese Taaloorgangsafrikaans.

VERWYSINGS

BELCHER, R.K.

1988. Afrikaans – a reappraisal. Inaugural lecture 16 August 1988. Mafikeng: University of Bophuthatswana.

2008. *Van heidebos en Skepper: 'n keur uit die werk van R. K. Belcher*. Saamgestel deur Abraham H. de Vries. Pretoria: Protea.

CANAGARAJAH, A.S.

2005. *Reclaiming the local in language policy and practice*. Mahwah, NJ: Lawrence Erlbaum.

CARSTENS, W.A.M.

2011. *Norme vir Afrikaans*. 5de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

CHILDS, G.T.

1997. The status of Isicamtho, an Nguni-based urban variety of Soweto. In: Spears, A.K. & Winford, D. (eds.) *The structure and status of pidgins and creoles*. Amsterdam: John Benjamins: 341-367.

COETZEE, A.E.

1988. *Fonetiek*. Pretoria: Academica.

2005. Dialekmerkers in die Afrikaanse literatuur. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 39(1): 35-50.

CRYSTAL, D.

1997. *The Cambridge Encyclopedia of Language*. 2nd edition. Cambridge: Cambridge University Press.

DEUMERT, A.

2004. *Language standardization and language change: the dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.

DE VRIES, A.

2005. Die Tsotsievangelie. *Rapport: Perspektief*, 20 November: 1.

1993. Swartafrikaans as niestandaardvariëteit van Afrikaans. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Supplement, 18: 170-188

1996. Swartafrikaans as 'n aanleedersvariëteit in die Vrystaat: 'n studie aan die hand van intertaalteorie. Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: UOVS.

DE WET, A.

2011. Swartafrikaans. In Hugo, D. (red.). *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea: 153-161.

DYERS, C.

2010. 'n Nuwe status vir Swartafrikaans? [Web:] http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=85861 [Toegang verkry op: 2 Februarie 2012.]

FERGUSON, C.A.

1981. 'Foreigner Talks' as the name of a simplified register. *International Journal of the Sociology of Language*, 28: 9-18.

GARCÍA, O.

2009. Education, multilingualism and translanguaging in the 21st century. In: Mohanty, A.K., Panda, M., Phillipson, R. & Skutnabb-Kangas, T. (eds.). *Multilingual education for social justice: Globalising the local*. Bristol: Multilingual Matters: 140-158.

GRÄBE, I.

1984. *Aspekte van poëtiese taalgebruik: teoretiese verkenning en toepassing*. Potchefstroom: PU vir CHO.

HENDRICKS, F.

2012. Die potensiele nut van 'n gelykevlakperspektief op die variëteite van Afrikaans. In: Prah, K.K. (red.). *Veelkantiger Afrikaans: Streeksvariëteite in die standaardvorming*. Kaapstad: CASAS: 44-63.

2014. Die verrekening van taalvariasie in die prosawerk van Elias P. Nel. *LitNet Akademies*, 11(2): 715-748.

HUGO, D.

2011. Tsotstitaal. In Hugo, D. (red.) *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea: 161-165.

HURST, E. & MESTHRIE, R.

2013. 'When you hang out with the guys they keep you in style': The case for considering style in descriptions of South African tsotsitaals. *Language Matters: Studies in the Languages of Africa*, 44(1): 3-20.

KAMWANGAMALU, N.M.

2001. Ethnicity and language crossing in post-apartheid South Africa. *International Journal of the Sociology of Language*, 152: 75-95.

KANNEMEYER, J.C.

1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur*. Deel II. Pretoria: Academica.

KRIEL, A.P.

2015. Alternatiewe funksies van Swartafrikaans. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

LAPA

2014. Frans van Rensburg. [Web:] http://www.lapa.co.za/authors/116/frans_van_rensburg [Toegang verkry op: 20 September 2014.]

LE CORDEUR, M.

2011. Die variëteite van Afrikaans as draers van identiteit: 'n Sosiokulturele perspektief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4): 758-777.

LEWIS, G., JONES, B. & BAKER, C.

2012. Translanguaging: origins and development from school to street and beyond. *Educational Research and Evaluation: An International Journal on Theory and Practice*, 18(7): 641-654.

MAKALELA, L.

2013. Translanguaging in kasi-taal: Rethinking old language boundaries for new language planning. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42: 111-125.

MAKHUDU, K.D.P.

2002. An introduction to Flaaitaal (or Tsotsitaal). In: Mesthrie, R. (red.) *Language in South Africa*. Cambridge: Cambridge University Press: 398-406.

MAKONI, S.

2003. From misinvention to disinvention of language: multilingualism and the South African Constitution. In: Makoni, S., Smitherman, G., Ball, A.F. & Spears, A.K. (eds.) *Black linguistics: language, society, and politics in Africa and the Americas*: 132-151.

MAKONI, S. & PENNYCOOK, A.

2007. Disinventing and Reconstituting Languages. In: Makoni, S. & Pennycook, A. (eds.) *Disinventing and Reconstituting Languages*. Clevedon: Multilingual Matters: 1-41.

MESTHRIE, R.

2008. "I've been speaking Tsotsitaal all my life without knowing it": Towards a unified account of Tsotsitaals in South Africa. In: Meyerhoff, M. & Nagy, N. (eds.). *Social Lives in Language – Sociolinguistics and multilingual speech communities: Celebrating the work of Gillian Sankoff*. Amsterdam: John Benjamins: 95-109.

MOLAMU, L.

2003. *Tsotsitaal: A Dictionary of the Language of Sophiatown*. Pretoria: Unisa.

MYERS-SCOTTON, C.

2006. *Multiple voices: an introduction to bilingualism*. Malden, MA: Blackwell.

NÄNNY, P.

2006. Ronnie Belcher verloor kankerstryd. *Die Burger*, 23 Oktober: 1.

PEARCE, R.J.

2005. Los geploeter met 'swart' Afrikaans. *Beeld*, 26 Oktober: 18.

2010. "Flaaitaal vir 'ie moegoes wat 'ie weetie" Robert Pearce in gesprek met Louis Esterhuizen. [Web:] <http://versindaba.co.za/2010/04/20/onderhoud-robert-pearce/> [Toegang verkry op: 20 September 2014.]

PONELIS, F.A.

1998. *Standaardafrikaans en die Afrikaanse taalfamilie*. Stellenbosch : Universiteit van Stellenbosch.

RAMPTON, B.

2005. *Crossing: language & ethnicity among adolescents*. 2nd Edition. Manchester: St. Jerome.

RONKIN, M. & KARN, H.E.

1999. Mock Ebonics: Linguistic racism in parodies of Ebonics on the Internet. *Journal of Sociolinguistics*, 3(3): 360-380.

SAAL, E.O. & FREDERICKS, C.R.

2005. The persuasive effect of Tsotsitaal in HIV/AIDS material. *Communicatio: South African Journal for Communication Theory and Research*, 31(2): 245-272.

SCHURING, G.K.

1979. Leksikologiese kenmerke van Tsotsitaal. *Taalfasette*, 26(2): 59-71.

1981. Die basilek van flaaitaal. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 21(2): 122-130.

SLABBERT, S. & MYERS-SCOTTON, C.

1997. The structure of Tsotsitaal and Iscamtho: code switching and in-group identity in South African townships. *Linguistics*, 35(2): 317-342.

STOLTZ, E.

1982. Gepidginiseerde Afrikaans in wit-swart-interaksie. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: RAU.

1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In Van Rensburg, M.C.J. (red.) *Kongresreferate 19de nasionale kongres [van die] Linguistevereniging van Suider-Afrika*, Universiteit van die Oranje Vrystaat. Bloemfontein: Universiteitsdrukkers U.O.V.S: 335-345.

TAAVITSAINEN, I. & MELCHERS, G.

1999. Writing in nonstandard English: Introduction. In: Taavitsainen, I., Melchers, G., & Pahta, P. (eds.) *Writing in nonstandard English*. Amsterdam: John Benjamins: 1-26.

TALJARD, M.

2006. Tsotsi-Afrikaans as Bybeltaal? (Resensie). *Literator*, 27(3): 182-184.

VAN DER VYVER, C.

2011. Die oorsetting van 'n Bybelteks na Niestandaardafrikaans: die kunssinnigheids- en kreatiewe aspekte daaragter. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3): 289-303.

VAN RENSBURG, F.

2007. *Die poems ennie songs: Tsotsi-evangelie*. Potchefstroom: Frans van Rensburg.

VAN RENSBURG, M.C.J.

1989. Soorte Afrikaans. In: Botha, T.J.R. (red.) *Inleiding tot die Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Academica: 436-467.

VAN WYK, E.B.

1983. Gepidginiseerde Afrikaans. In: Claassen, G.N., Van Rensburg, M.C.J. (reds.) *Taalverskeidenheid: 'n blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica: 162-170.

WILLEMSE, H.

2007. *Aan die ander kant*. Pretoria: Protea.

WISSING, D.

2011. Ontronding in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(1): 1-20.